Mosambiek gaan SA krag gee

Charles Mangwiro, Maputo
Mosambiek gaan teen 2015 1 200 MW se hidroëlektrisiteit aan Suid-Afrika voorsien wanneer sy nuwe Mpanda Nkuwa-dam in bedryf kom.
Volgens mnr. Egidio Leite, ’n woordvoerder van dié $3,5 miljard-projek, sal 80% van die dam se produksie vir Suid-Afrika bestem wees.
Die bou van die dam sal in Januarie 2011 begin en kragproduksie sal teen die middel van 2015 begin. Die dam word deur die Export-Import Bank of China gefinansier en sal op die Zambezi-rivier in die noordweste van Mosambiek gebou word. Dit sal 60km stroomaf van een van Afrika se grootste hidro-elektriese projekte, die Cahora Bassa-dam met ’n volume van 2 075 MW, gebou word.
Mosambiekse owerhede hoop die projek sal energie-intensiewe bedrywe na die land lok.
Die Mpanda Nkuwa- hidro-elektriese maatskappy behoort die resultate van sy omgewingsimpakstudie teen Augustus aan die Mosambiekse regering te gee.

"Hierdie berig is n presiese weergawe van die berig wat in die koerant verskyn het. Regstellings rakende die berig is moontlik n□ie publikasie daarvan gedoen. Soek asseblief in die argief en/of ander nuusbronne vir moontlike regstellings om die nuutste inligting te bekom."
"This article represents the text exactly as it was published